

## Eer Madiba as 'n morele rolmodel eerder as morele elite

Nico Koopman\*

Nelson Mandela word elke jaar op 18 Julie op sy verjaardag wêreldwyd gevier. Die voormalige president, wat dikwels beskryf word as 'n morele held, morele voorbeeld of morele rolmodel, was 'n ware voorbeeld van die konsep van 'n morele held – iemand wat as onvolmaakte mens die moed gehad het om toegewyd te wees tot 'n etiese en morele lewenswyse.

Hoe moet 'n etiese leefwyse verstaan word. Vir my het dit drie dimensies. Etiek is afgelei van die Griekse woord *ethos*, wat letterlik “habitat” beteken, 'n ruimte waar alle lewe kan floreer, 'n ruimte waar mense, plante, planete, diere en die natuur kan blom. Hierdie eerste begrip van hoe om eties te lewe, behels dat jy daartoe verbind is om die samelewing 'n habitat, 'n veilige ruimte te maak waar ons almal kan floreer. Ons hooggeprese Grondwet sit die kenmerke van die habitat wat ons vir die Suid-Afrikaanse samelewing in die vooruitsig stel, duidelik uiteen. Hierdie kenmerke is onvervreembare waardigheid; die genesing van die politieke, ekonomiese, ekologiese, maatskaplike, fisieke, emosionele, morele en geestelike wonde van die verlede en die hede; herstellende geregtigheid; verantwoordelike vryheid en gelykheid deur billikheid.

Die tweede betekenis van 'n etiese leefwyse verwys na ons *habitus*, gewoontes, deugde, geneigdheide, inklinasies, intuïesies en neigings om dit wat wys, regverdig, goed, mooi, lieflik en prysenswaardig is te vergestalt. Deur die eeue het filosofiese en godsdienstige tradisies die sogenaamde sewe hoofdeugde ontwikkel. 'n Hoofdeug dien dus as 'n oorkoepelende term vir ander deugde wat met daardie spesifieke deug verband hou. Verder is hulle die spil waarom alle ander deugde en alles wat goed is, draai. Hierdie deugde waarna ons samelewings hunker, is openbare wysheid in die konteks van ingewikkeldheid, dubbelsinnigheid, tragedie en *aporia* (doodloopstrate); openbare gematigdheid en matigheid (ewewig) binne die kontekste van gulsigheid, vraatsug en verbruikersdruk enersyds, en armoede en vervreemding andersyds; openbare standvastigheid te midde van situasies van magteloosheid, passiwiteit en traagheid; openbare geloof en sekerheid te midde van gevoelens van disoriëntasie en wortelloosheid in kontemporêre samelewings; openbare hoop te midde van wanhoop en swarmoedigheid; openbare liefde in samelewings waar solidariteit en deernis blyk om al hoe minder te word; en openbare geregtigheid in kontekste van ongelykheid en ongeregtighede.

Die derde dimensie van 'n etiese lewe verwys na die *Handlungen*, die aksies waarop ons besluit, wat ons kies en wat ons probeer implementeer. 'n Morele lewenswyse, afgelei van die Latynse woord, *mos*, wat letterlik “meet” beteken, verwys na die soektog om tussen wys en onwys, reg en verkeerd, goed en kwaad, mooi en lelik, prysenswaardig en afskuwelik te meet en te onderskei.

Madiba het sy lewe daaraan toegewy om Suid-Afrika en die wêreld 'n habitat te maak waar veral die kwesbaarstes kan floreer. Hy was 'n vergestaltung van bogenoemde deugde en het tot besluite, beleide en aksies bygedra wat die habitat nader bring. En hy het duidelik tussen wat moreel aanvaarbaar en moreel afkeurenswaardig was onderskei en het dit uitgedaag.

Indien hierdie morele roekeloosheid onder ons nie met wortel en tak uitgeroei word nie, sal die opbou van Suid-Afrika as 'n habitat vir veral die kwesbaarstes net 'n droombeeld bly. Te midde van morele agterloosigheid moet ons Madiba se onuitputbare morele sorg en morele versigtigheid onthou soos gesien in sy troeteling van morele aksies en morele gewoontes wat 'n nuwe habitat na vore bring waar almal 'n lewe van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid kan geniet.

*\*Professor Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch. Klik [hier](#) om sy volledige artikel te lees.*